

DIE GEHEIM TOT GELUK

In 1943 het die Japannese besettingsmagte honderde Amerikaanse en Europese “vyandige burgerlikes” beveel om na ‘n interneringskamp in Sjina se Sjantoeng Provinsie te gaan. Hulle moes maande van verveling, frustrasie, oorbevolking en vrees verduur. Persoonlikhede het gebots, humeure het opgevlam. Klein onderonsies het vermeerder.

Maar een man is deur ‘n inwoner beskryf as “sonder twyfel die persoon wat die meeste in aanvraag was en die mees gerespekteerde en geliefd in die kamp” – Eric Liddell, ‘n sendeling van Skotland.

‘n Russiese prostituut in die kamp het later onthou dat Liddell die enigste man was wat ooit iets vir haar gedoen het sonder om van haar dienste as betaling te eis. Toe sy aan die begin alleen en verneder in die kamp aangekom het, het hy ‘n paar rakke vir haar opgesit.

‘n Ander inwoner onthou: “Hy het ‘n sagte, grappige manier gehad om ontstoke humeure te kalmeer.”

By een woedende byeenkoms van die inwoners, het almal geëis dat iemand anders iets moet doen aangaande die rustelose tieners wat in die moeilikheid was. Liddell het met ‘n oplossing vorendag gekom. Hy het sport, handwerk, en klasse vir die kinders georganiseer en het begin om sy aande saam met hulle deur te bring.

Liddell het met die 1924 Olimpiese Spele beroemdheid en eer verwerf toe hy ‘n goue medalje verower het in die 400 meter wedloop. Maar in daardie kamp het hy bewys dat hy ook ‘n wenner was in die Christelike wedloop deur die bewondering van die mees wêreldse inwoners te verkry.

Wat het hom so spesiaal gemaak? Jy kon sy geheim om 6-uur elke oggend ontdek. Dit is wanneer hy saggies verby sy slapende kamerade gesluit het, by ‘n tafel gaan sit het en ‘n klein lampie aangesteek het om sy notaboekie en Bybel te verlig. Eric Liddell het vir elke dag genade en krag gesoek uit die rykdom van God se Woord.

1. DIE GIDS VIR DIE CHRISTELIKE LEWENSWANDEL

Die Bybel is geskryf as ‘n gids vir die Christen. Dit is vol verhale van werklike mense net soos ons wat elke dag voor dieselfde uitdagings te staan kom as ons. Om hierdie Bybelkarakters te leer ken – hulle vreugde en smart, hulle probleme en geleenthede – help ons om volwasse te word as Christene.

Dawid, die psalmskrywer, het ons daaglikse afhanklikheid van die Woord van God uitgebeeld deur dit te vergelyk met ‘n flitslig:

“U Woord is ‘n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad.” – Psalm 119:105. (Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK Gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)

Die lig wat ons elke dag van die Bybel kry maak dit duidelik watter eienskappe ons in ons lewens nodig het en wat die beginsels vir geestelike groei is. Bowenal, bied die Bybel vir ons Jesus, die Lig van die Wêreld. Die lewe het net betekenis wanneer Jesus daarop skyn.

2. 'N VERANDERENDE VRIENDSKAP

Christus wil hê dat die Bybel vir jou so eg moet wees as 'n persoonlike brief van 'n goeie vriend.

“Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.” – Johannes 15:15.

Jesus wil net die beste vir ons hê. Sy Woord bring ons tot in God se binnekring: by diegene wat Hy in Sy vertroue neem en persoonlik leer.

“Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê.” – Johannes 16:33.

Om hierdie vrede te kan ervaar, hierdie sekere verhouding met Christus, moet ons die briewe lees wat Hy vir ons stuur. Dit is wat die Bybel is: korrespondensie uit die hemel. Moenie daardie briewe onoopgemaak laat nie. Die veranderende boodskap wat jy nodig het is in die Woord.

Hier is een tipiese getuigenis oor die Bybel se impak: “Ek het hulp nodig gehad en ek het dit in Jesus gevind. Daar is in elke behoefte voorsien, die honger van my siel is bevredig; die Bybel is vir my die openbaring van Christus. Ek glo in Jesus omdat Hy vir my 'n goddelike Heiland is. Ek glo in die Bybel omdat ek gevind het dat dit die stem van God tot my siel is.” – *Die Helende Hand, bl. 461.*

3. RIGLYNE VIR DIE LEWE UIT DIE BYBEL EN DIE TIEN GEBOOIE

'n Vlugtige kykie na die Tien Gebooie sal ons help om te verstaan waarom dit en die Bybel 'n onwagdoenbare basis vorm om reg te lewe.

Die Gebooie word natuurlik in twee afdelings verdeel. Die eerste vier beskryf ons verhouding tot God, en die laaste ses beskryf ons verhouding tot ander mense. Dit is aangeteken in Exodus 20:3-17.

Die eerste twee gebooie som ons verhouding tot God en tot Sy aanbidding op.

- I. “Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.”
- II. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak nie ... Jy mag voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie ...”

Die 3de en 4de gebooie skets ons verhouding tot God se naam en Sy heilige dag.

- III. “Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie ...”
- IV. “Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. ...”

Gebooie 5 en 7 beveilig die gesinsbande.

- V. “Eer jou vader en jou moeder. ...”
- VII. “Jy mag nie egbreek nie.”

Gebooie 6, 8, 9 en 10 beskerm ons in sosiale verwantskappe.

- VI. “Jy mag nie doodslaan nie.
- VIII. “Jy mag nie steel nie.”
- IX. “Jy mag geen valse getuigenis teen jou naaste spreek nie.”
- X. “Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, ... of iets wat van jou naaste is nie.”

Die Tien Gebooie beskryf ons verhouding tot God sowel as tot ander mense. Dit is die bakens van 'n Christelike lewenswandel.

4. WAT JESUS GESÊ HET OOR DIE TIEN GEBOOIE

Een dag, terwyl Jesus besig was om te leer, het 'n gretige jongman haastig na Hom toe gekom en gevra: "Goeie meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?" (Mattheus 19:16). Christus kon sien dat hy in 'n stryd was met 'n geld probleem en het hom toe aanbeveel om van sy besittings ontslae te raak en ook "onderhou die gebooie" (vers 17).

Die jongman het probeer om Christus se diagnose van sy probleem te omseil deur Hom te vra van watter gebooie Hy praat. Jesus het 'n hele paar van die Tien Gebooie opgenoem (Verse 18, 19).

Uiteindelik het die "ryk jongman" omgedraai en hartseer weggestap (verse 20-22). Hy kon verstandelik instem met die Tien Gebooie, maar hy kon nie die gees van die wet gehoorsaam deur van sy selfsugtige lewenswyse afstand te doen nie.

Die Tien Gebooie wys aan ons die grense waarbinne gesonde verhoudinge, met God en met ander, kan groei. Jesus het na gehoorsaamheid verwys as die weg tot ware vreugde:

***"As julle MY GEBOOIE BEWAAR, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van My Vader bewaar en in sy liefde bly. DIT HET EK VIR JULLE GESÊ, dat my blydschap in julle kan bly en JULLE BLYDSKAP VOLKOME KAN WORD."* – Johannes 15:10, 11.**

5. GIDS TOT 'N GELUKKIGE LEWE

Die boek Prediker is 'n verslag van Salomo se soeke na geluk. Hy beskryf sy soeke na geluk in die rykdom van die wêreld: spoggerige huise, vrugbare wingerde, pragtige tuine, en boorde vol heerlike vrugte. Hy het menigvuldige diensknegte gehad. Hy was omring met elke materiele ding wat 'n mens kon begeer. Maar geluk het hom ontwyk, want hy skryf:

***"Toe het ek gekyk na al my werke wat my hande tot stand gebring het, en al die moeitevolle arbeid wat ek verrig het – en kyk, dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na wind."* – Prediker 2:11.**

Salomo het toe begin om die plesiere van die wêreld te beleef in die hoop om geluk te vind. Hy is oorweldig deur wyne, vroue en musiek. Sy gevolgtrekking:

***"Alles tevergeefs, ... dit is alles tevergeefs."* – Prediker 12:8.**

Salomo het op 'n stadium ervaar en gesien dat die Here goed is. Toe hy sy vroë lewe van gehoorsaamheid aan God vergelyk het met sy roekelose gejaag na geluk in die sondige dinge, was sy uitslag:

***"Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense."* – Prediker 12:13.**

Salomo het gedink hy kon 'n kortpaadjie volg na geluk deur 'n wilde lewe. Aan die einde van sy lewe, was hy mans genoeg om te erken dat hy 'n fout gemaak het. Om ander te keer dat hulle nie dieselfde fout begaan nie, het hy geskryf:

***"Maar hy wat die wet onderhou, gelukkig is hy."* – Spreuke 29:18.**

6. DIE TIEN GEBOOIE IS 'N ONMISBARE NUWE TESTAMENT GIDS

In die Nuwe Testament het Jakobus getuig:

“Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word.” – Jakobus 2:10-12.

Charles Spurgeon, die groot Baptiste prediker van die vorige eeu, het verklaar: “Die wet van God is 'n goddelike wet – heilig, hemels, volmaak. ... Daar is nie 'n gebod te veel nie; daar is nie een te min nie, maar dit is so onvergelykbaar dat die volmaaktheid daarvan, bewys is van die goddelikheid daarvan.”

John Wesley, een van die stigters van die Metodistekerk, het die volgende geskryf oor die ewigdurende aard van die wet: “Die morele wet (sedewet) soos vervat in die Tien Gebooie, ... het Hy [Christus] nie weggeneem nie. ... Elke deel van hierdie wet moet van krag bly op die ganse mensdom vir alle eeue.” – *Sermons*, deel 1, ble. 221, 222.

Billy Graham, die wêreld se mees gerespekteerde evangeliese evangelis, het so 'n hoë agting vir die Tien Gebooie dat hy 'n hele boek geskryf het oor die belangrikheid daarvan vir die Christen.

7. KRAG OM TE GEHOORSAAM

Die Bybel en die Tien Gebooie is 'n onveranderlike, onmisbare, perfekte gids tot 'n gelukkige lewe. Tog bly harte steeds aan die stry. Een vrou het dit soos volg uitgedruk: “Ek glo die Tien Gebooie is bindend, ek is seker dat om dit te onderhou sal lei tot geluk in die lewe. Ek het my heel beste probeer om dit te onderhou, maar ek kan dit net nie doen nie. Ek begin glo dat niemand dit kan doen nie.”

Die neiging van die natuurlike persoon is om te probeer om gehoorsaam aan God se gebooie te lewe. Maar in antwoord op al die probeerslae, kom die gefrustreerde reaksie oor en oor vanuit die donkerte van die hart: “Ek kan dit nie onderhou nie!” Waarom? Omdat:

“Wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.” – Romeine 8:7.

Wat is die doel van die Tien Gebooie se wette?

“Want deur die wet is die kennis van sonde.” – Romeine 3:20.

Die funksie van die wet is om ons tot die volle besef te bring dat ons hopelose verlore sondaars is wat 'n Heiland nodig het.

“Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.” – Galasiërs 3:24.

Jesus is die antwoord! Sodra ons aan Jesus se voete is in absolute hulpeloosheid, kan ons deur geloof vergifnis vir ons sonde ontvang en krag van Hom om Sy gebooie te gehoorsaam.

8. LIEFDEVOLLE GEHOORSAAMHEID AAN DIE TIEN GEBOOIE

Jesus sê vir ons dat gehoorsaamheid die gevolg van liefde is:

“As julle My liefhet, bewaar my gebooie.” – Johannes 14:15.

As ons God liefhet, sal ons die eerste vier gebooie onderhou wat ons verhouding tot God omskryf; en as ons mense liefhet, sal ons die laaste ses gebooie onderhou wat ons verhouding tot ander omskryf.

Die persoon wat die Tien Gebooie verontagsaam, doen sonde:

“Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.” – 1 Johannes 3:4.

Maar, dank God, ons het ‘n Heiland wat na hierdie wêreld toe gekom het en gesterf het, het weer opgestaan en lewe nou vir een doel:

“En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie.” – vers 5.

Ons Heiland vergewe en verwyder ons sondigheid (1 Johannes 1:9). Hy belowe om dan Sy liefde aan ons te gee om mee lief te hê – die groot teenmiddel vir ‘n lewe van selfsug en sonde.

“En die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.” – Romeine 5:5

Ons het geen vermoë binne-in onself om God se gebooie te onderhou nie. God se liefde “wat in ons harte uitgestort is” is ons enigste hoop.

9. GOD SE GENADE EN GEHOORSAAMHEID AAN DIE WET

Verlossing is ‘n gawe. Ons kan dit nie verdien nie. Ons kan dit net deur geloof aanvaar. Ons ontvang regverdigmaking (om reg voor God te staan) as ‘n geskenk (gawe), bloot deur geloof, as gevolg van God se genade.

“Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie, dit is die gawe van God.” – Efesiërs 2:8.

Ons kan nie die gebooie onderhou deur ons eie werke nie – deur te probeer nie. Ons kan nie die gebooie onderhou om gered te word nie. Maar wanneer ons na Jesus kom in die geloof en in onderdanigheid en as ons dan gered is, vul Sy liefde ons harte. As gevolg van hierdie goddelike genade en aanvaarding, begeer ons om Hom te volg en aan Hom gehoorsaam te wees deur die krag van Sy liefde in ons harte (Romeine 5:5).

Paulus beklemtoon die nutteloosheid van menslike pogings en dui aan dat ons nie onder die wet staan as ‘n manier tot verlossing nie, maar “onder genade.”

“Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie, maar onder die genade? Nee, stellig nie!” – Romeine 6:15.

Waarom? Omdat ‘n hart wat deur liefde voortgedryf word ‘n lewe tot gevolg het wat uit liefde gehoorsaam is! (Romeine 13:10). Om Christus lief te hê is om aan Hom gehoorsaam te wees:

“Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet.” – Johannes 14:21.

Eric Liddell het gedemonstreer dat die gelowige wat by God se krag ingeskakel is, selfs te midde van die ergste omstandighede, 'n vervulde, gehoorsame lewe kan hê. Liddell het 'n oorredende genade in 'n tyd van stres en vrees ten toon gestel. Sy liefdesverhouding met Christus het hom met die Heilige Gees vervul "sodat die reg van die wet vervul kon word" (Romeine 8:1-4). 'n Liefdesverhouding met die gekruisigde Heiland, wat weer opgestaan het, kan daardie kwaliteit lewe voortbring.

Het jy al hierdie geheim vir jouself ontdek? Jesus se liefde vir jou het gemaak dat Hy sy lewe opgeoffer het vir jou sonde. Hy bied aan om al jou verhoudings met Sy liefde sterk te maak en om jou "volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen" (Hebreërs 13:21) te maak. Wat is jou antwoord?